# BROOD
# Van die
# LEWE

www.christelikemedia.org

***Uitgegee deur:***
***Evangeliseringsmedia***
***Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika***
***Administratiewe Buro, Potchefstroom***
***Tel. 018 297 3986***

## INHOUDSOPGAWE


### AFDELING 1:
### DIE HEILSORDE

1. INLEIDING 6

2. ’N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE 6

2.1 Roeping 6
2.2 Wedergeboorte 7
2.3 Geloof 7
2.4 Bekering 7
2.5 Regverdigmaking 8
2.6 Heiligmaking 9
2.7 Volharding 9
2.8 Heerlikmaking 9
2.9 Slot 10

### AFDELING 2:
### EK WEET MY VERLOSSER LEEF
### OOR VOLLE GELOOFSVERSEKERDHEID

1. KAN ’N MENS WERKLIK SEKER WEES DAT JY ’N KIND VAN GOD IS EN REEDS DIE EWIGE LEWE BESIT? 11

2. SEKERHEID OP GROND VAN WAT EK IS OF WAT EK DOEN? 12

3. GOD SE ANTWOORD OP DIE SONDE VAN DIE WÊRELD 12

4. HOE ONTVANG EK DIE EWIGE LEWE UIT SY HAND? 13

### AFDELING 3:
### BLYWENDE GELOOFSEKERHEID

1. GELOOFSEKERHEID 15

1.1 Is geloofsekerheid nie iets wat jy weer kan verloor nie? 15

1.2 Hoe ek as Christen my geloofsekerheid kan behou 15

1.3 Geloof is soos ’n plant wat gedurig water moet kry – die water van die Woord 15

### AFDELING 4:
### KOMMUNIKASIE IN DIE GODSDIENS
### DIE BYBEL

1. HOE KEN ONS GOD? 17

2. DIE BYBEL AS OPENBARINGSBRON 17

3. DIE SKEPPING AS OPENBARINGSBRON 18

4. REAKSIE OP GOD SE OPENBARING 18

5. HOE LUISTER EK NA DIE WOORD VAN GOD? 18

## AFDELING 5:
## KOMMUNIKASIE IN DIE GODSDIENS

**DIE VURIGE GEBED VAN DIE GELOWIGE HET GROOT KRAG**

1. WAT IS GEBED? 20

2. WATTER BELANGRIKE DELE VAN DIE GEBED VIND JY IN DIE VOLGENDE SKRIFGEDEELTES? 20

3. VOORWAARDES VIR GEBED 20

4. GEBEDSVERHORING 20

5. VOORBIDDING 21

6. WATTER ONDERRIG GEE CHRISTUS IN DIE GEBED? 21

## AFDELING 6:
## DIE KERK

1. WAT IS DIE KERK? 22

2. VERSKILLENDE BETEKENISSE KAN AAN DIE WOORD KERK GEHEG WORD 22

3. DIE NOODSAAKLIKHEID OM BY DIE KERK VAN CHRISTUS TE BEHOORT 22

4. WATTER KERK IS DIE WARE KERK VAN CHRISTUS? 22

5. GENADEMIDDELE 23

6. ’N VOLMAAKTE KERK? 25

7. ONS EREDIENS 25

8. HOE MOET DIT GAAN IN DIE KERK VAN CHRISTUS? 27

## AFDELING 7:
## OOR DIE REGERING VAN DIE KERK

1. WIE IS DIE HOOF VAN DIE KERK? 28

2. WATTER PERSONE ROEP CHRISTUS OM SY GESAG IN SY KERK TE BEDIEN 29

3. KERKORDE 30

4. KERKREGERINGSTELSEL 30

5. MEERDERE VERGADERINGS 30

6. ATTESTERING 31

7. FINANSIES 31

## AFDELING 8:
## KORT OORSIG OOR DIE KERKGESKIEDENIS

VRAE 1 – 26 33

## AFDELING 9:
## DIE DIENS VAN DIE LIDMAAT IN DIE KERK

1. JOU DANKBAARHEIDSLEWE BINNE DIE LIGGAAM (KERK VAN CHRISTUS) 37

2. DIE UITLEWING VAN JOU DANKBAARHEID NA BUITE 37

3. DIE PLEK VAN DIE WET VAN DIE HERE IN ONS DANKBAARHEIDSLEWE 37

4. DIE WET 37

## AFDELING 1

## DIE HEILSORDE

1. INLEIDING

1.1 Christus het met sy offer, in opdrag van die Vader, eenmaal en vir altyd ons volkome verlos van al ons sondes. Hierdie verlossing word deur God aan ons geskenk. Die weg waarlangs dit plaasvind en aan ons verseker word, word die Heilsorde genoem. Hierdie weg is die werk van die Heilige Gees.

DIE HEILSORDE IS DIE PAD WAARLANGS GOD ONS, DEUR DIE HEILIGE GEES, IN BESIT BRING VAN DIE WELDADE VAN CHRISTUS SE VERLOSSINGSWERK.

1.2 **Is ons self in staat om die verlossing ons eie te maak?**

Ef 2:3-5 ✍📖 (In die werkboek beteken die simbool ✍📖 dat u self hierdie gedeelte gaan opsoek in die Bybel)

1.3 **Wie is die oorsaak of bewerker van ons verlossing?**

Ef 2:8-9 ✍📖

DIE HEILIGE GEES BRING ONS IN BESIT VAN ONS VERLOSSING DEUR CHRISTUS.

2. ’N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:
(Hierdie orde is ’n geloofsorde en nie ’n kronologiese orde nie)

ROEPING
WEDERGEBOORTE
GELOOF
BEKERING
REGVERDIGMAKING
HEILIGMAKING
VOLHARDING
HEERLIKMAKING

2.1 **Roeping**

2.1.1 **Wie roep?**

1 Pt 5:10; Mt 11:28 ✍📖

2.1.2 **Hoe roep God?**

Rom 1:20; Rom 10:14, 15, 17 ✍📖

2.1.3 **Wie word geroep?**

Jes 45:22; Mt 28:19 ✍📖

2.1.4 **Wie antwoord op God se roepstem?**

1 Kor 1:23, 24; Hd 16:14; Hd 13:48 ✍📖

2.1.5 **Is dit uit eie krag dat jy kan antwoord op God se roepstem?**

Rom 9:16; Efes 2:8-10; Fil 2:13 ✍📖

GOD MAAK SY UITVERKORENES GEWILLIG EN BEREID OM “JA!” TE SÊ OP SY ROEPING.

2.2 **Wedergeboorte**

WEDERGEBOORTE IS DIE BEGIN VAN ’N NUWE LEWE IN DIE DOOIE HART VAN MY AS SONDAAR. SOOS MY GEBOORTE BUITE MY WIL PLAASGEVIND HET, SO VIND MY WEDERGEBOORTE BUITE MY WIL IN MY PLAAS – DIT IS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN MY.

2.2.1 **Hoekom is wedergeboorte vir jou noodsaaklik?**

Joh 3:3-6; Ef 2:1-5; Rom 8:7 ✍📖

2.2.2 **Waardeur en wanneer vind die wedergeboorte in jou plaas?**

Tit 3:5; 1 Kor 2:13-15; Fil 2:13 ✍📖

HIERDIE ALGEHELE VERNUWING VAN DIE MENS WORD DIE WEDERGEBOORTE GENOEM. DIT IS ’N KRAGDADIGE VERBORGE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES WAARDEUR DIE HERE VAN JOU ’N GEHEEL NUWE MENS MAAK, SODAT JY KAN GLO EN JOU KAN BEKEER.

2.3 **Geloof**

DIE HEILIGE GEES WERK NUWE LEWE IN MY, SODAT EK KAN ANTWOORD OP GOD SE OPROEP TOT GELOOF EN BEKERING.

2.3.1 **Wat is ’n ware geloof?**

Heb 11:1; HK antw 21 ✍📖

2.3.1.1 **Is geloof slegs kennis?**

Jak 2:19 ✍📖

2.3.2 **Hoe weet jy dat jy glo?**

Rom 8:16; Lk 6:44 ✍📖

2.3.3 **Waar kom geloof vandaan?**

Gal 3:2; Ef 2:8; Fil 1:29; HK antw 65 ✍📖

2.3.4 **Watter middele gebruik die Heilige Gees om geloof in ons te werk?**

Rom 10:17; HK antw 65 ✍📖

GELOOF IS DIE HAND WAT GOD AAN MY GEE OM DIE VERLOSSING DEUR CHRISTUS TE ONTVANG.

GELOOF IS DIE VERBINDINGSTOU TUSSEN MY EN CHRISTUS – NGB ART 22.

2.4 **Bekering**

2.4.1 **Is bekering deel van (a) Sondekennis, (b) Verlossing of (c)Dankbaar-heid?**

HK antw 86 ✍📖

2.4.2 **Wat is die afsterwing van die ou mens?**
**Wat is die opstanding van die nuwe mens?**

Ef 4:22-24; Kol 3:5-10; HK So 33 ✍📖

2.4.3 **Hoe vind bekering plaas?**

Fil 2:13; Jer 31:18, 33 ✍📖

2.4.4 **Kan jy jouself bekeer?**

Rom 8:7 ✍📖

2.4.5 **Is bekering 'n eis van God?**

Hd 17:30; Lk 24:47 ✍📖

2.4.6 **Is daar verskillende maniere of wyses van bekering?**

2 Kron 33:12-13; Hd 9:1-19; Hd 16:14-15 ✍📖

2.4.7 **Moet ek 'n dag en datum kan gee vir my bekering?**

2 Tm 1:5; 2 Tm 3:15 ✍📖

HIER PRAAT ONS VAN 'N BEKERING WAT IN DIE VERBOND PLAASVIND

2.4.8 **Is bekering 'n proses wat aanhou?**

Hb 6:1-3; Rom 7:21-24 ✍📖

BEKERING IS DIE GEVOLG VAN DIE NUWE LEWE WAT DIE GEES IN MY WEK (WEDERGEBOORTE BRING GELOOF; GELOOF BRING BEKERING)

2.5 **Regverdigmaking**

2.5.1 **Wat is regverdigmaking?**

Gal 2:16; 2 Kor 5:2 ✍📖

2.5.2 **Hoe word jy regverdig verklaar voor God?**

HK antw 60 ✍📖

2.5.3 **Word alle mense regverdig verklaar voor God?**

Gal 2:16; HK So 22; antw 20 ✍📖

2.5.4 **Maak jou geloof jou regverdig voor God?**

HK antw 60 ✍📖

2.5.5 **Maak die feit dat jy regverdig verklaar is voor God, jou nie onverskillig nie?**

Mt 7:18; Joh 15:5 ✍📖

REGVERDIGMAKING IS DIE VONNIS-UITSPRAAK VAN GOD WAT ONS ONSKULDIG VERKLAAR OP GROND VAN CHRISTUS SE VERLOSSINGSWERK.

2.6 **Heiligmaking**

2.6.1 **Wat is heiligmaking?**

2 Kor 6:17; Tit 2:14; 1 Pet 1:13-16

2.6.2 **Is dit moontlik om heilig te leef?**

2 Kor 5:17; Gal 2:20; Ef 4:24-25

2.6.3 **Wie werk die heiligmaking in ons?**

Tit 3:5; 1 Pet 1:2

2.6.4 **Beteken die feit dat God ons heilig, dat ons niks doen nie?**

Jer 31 :18; Fil 2:12-13

HEILIGMAKING BETEKEN DAT EK MY MEER EN MEER DEUR DIE KRAG VAN GOD AAN SY DIENS WY IN GEHOORSAAM AAN SY WOORD.

2.7 **Volharding**

2.7.1 **Kan jy in eie krag volhard?**

1 Pet 1:5; Fil 1:6

2.7.2 **Doen die gelowige nog sonde?**
(Kyk maar na Dawid, Petrus en jouself)
Daarom: 1 Joh 1:8; Luk 22:31-32

2.7.3 **Wat van die afvalliges?**

Rom 9:6; 1 Joh 2:19

2.7.4 **Is dit jou verantwoordelikheid om te volhard?**

Lk 13:24; 1 Tm 6:12; Mt 24:13

2.7.5 **Op grond waarvan is jy seker dat jy sal volhard?**

1 Pet 1:5; Joh 6:37-40

2.7.6 **Wat wag op vir jou op die einde van jou stryd om te volhard?**

2 Tm 4:7-8

VOLHARDING IS OM DEUR DIE KRAG VAN GOD AAN TE HOU OP DIE PAD VAN HEILIGMAKING

2.8 **Heerlikmaking**

2.8.1 **Wat sê die volgende tekste vir ons oor die heerlikmaking?**

Fil 1:21-23; Fil 3:21; Op 21:3-7; HK So 22

MET DIE HEERLIKMAKING ONTVANG JY DIE VOLLE WELDADE VAN GOD SE VERLOSSINGSWERK IN CHRISTUS.

ONS ONDERSKEI TWEE MOMENTE VAN ONS HEERLIKMAKING
1. BY ONS STERWE
2. BY CHRISTUS SE WEDERKOMS

## 2.9 Slot

### 2.9.1 Skryf nou in jou eie woorde neer wat die Heilsorde is.

### 2.9.2 Voltooi nou punt 2.

DIE HEILSORDE IS DIE PAD WAARLANGS GOD ONS, DEUR DIE HEILIGE GEES, IN BESIT BRING VAN DIE WELDADE VAN CHRISTUS SE VERLOSSINGSWERK.

DIE HEILIGE GEES BRING ONS IN BESIT VAN ONS VERLOSSING DEUR CHRISTUS.

## AFDELING 2

# EK WEET MY VERLOSSER LEEF (Job 19:25)
# OOR VOLLE GELOOFSVERSEKERDHEID (Heb 10:22)

1. KAN ’N MENS WERKLIK SEKER WEES DAT JY ’N KIND VAN GOD IS EN REEDS DIE EWIGE LEWE BESIT?

1.1 Baie mense sê: “Nee, ons is te sondig en iemand wat sê hy het reeds die ewige lewe, is verwaand.”
Sommige sê: “Dit is gevaarlik om seker te wees, want as jy te selfverse-kerd is, het jy nie meer ’n dryfveer om ’n goeie lewe te leef nie.”
Ander sê: “Ek probeer my bes om ’n Christen te wees en goed te leef. Ek hoop maar dit sal vir die Here genoeg wees.”
Nog ander sê: “Ek weet ek sal hemel toe gaan, want my lewe was nog altyd goed. Ek gaan gereeld kerk toe. Ek lees my Bybel. Ek doen goed aan my naaste. Die Here kan nie anders nie, Hy moet my met die ewige lewe beloon!"

**Wat dink jy?** Kan jy hoegenaamd ooit volle sekerheid hê dat jy nou al reeds die ewige lewe besit?

1.2 **Hoe antwoord die Bybel hierdie vraag?**

1.2.1 **Waarom is Johannes se brief geskrywe?**

1 Joh 5:13

1.2.2 **Wanneer het iemand reeds die ewige lewe?**

Joh 6:47

1.2.3 **Waarvan was Paulus seker?**

Rom 8:38

1.2.4 **Waarvan was Job seker?**

Job 19:25

1.2.5 **Wat leer Hebr 11:1 ons oor geloof?**

1.2.6 **Waarvan gee die Heilige Gees ons sekerheid?**

Rom. 8:16

1.3 **Kyk nou hoe beantwoord die Gereformeerde Belydenisskrifte die vraag:**

1.3.1 **Waarvan verseker die Heilige Gees my?**

HK antw 1

1.3.2 **Wat is ’n ware geloof?**

HK antw 21

1.3.3 **Wat baat dit jou om te glo?**

HK antw 59

1.3.4 **Kan ’n mens nou al die sekerheid hê dat jy ’n uitverkore kind van God is en die ewige saligheid ten volle sal hê in die lewe na die dood?**

DL 1:12

2. **SEKERHEID OP GROND VAN WAT EK IS OF WAT EK DOEN?**

2.1 **Wat sê die volgende daarvan?**

Rom 3:20; HK antw 5; HK antw 62

2.2 Baie mense sê: Ek weet ek is nie volmaak nie, maar ek probeer darem my bes. Ek hoop dit sal vir God aanvaarbaar wees.
**Waarom kan God nie tevrede wees met wat ons doen nie?**

Gal 3:10; HK antw 62

2.3 **Waarom verdien elke pasgebore baba reeds om deur God verdoem, vervloek en verwerp te word?**

Rom 5:12,18,19; Ps 51:7; HK antw 7

2.4 Baie mense is van mening dat God so liefdevol is dat Hy al is ons slegte sondaars, tog maar almal te vergewe. Hy is immers nie so wreed om mense hel toe te stuur nie.
**Wat sê die volgende?**

Nah 1:3; HK antw 11

2.5 Sommige mense redeneer so: “Ek kom uit ’n goeie familie, ’n Christelike volk en ’n baie Christelike huisgesin. My pa was jare lank in die kerkraad. Die Here kan nie anders nie, Hy moet my hemel toe vat!”
**Wat sou ’n mens vanuit die Bybel hieroor moet sê?**

Matt 3:9; 2 Kor 5:10

3. **GOD SE ANTWOORD OP DIE SONDE VAN DIE WÊRELD**

3.1 Alhoewel ons almal verdien om verwerp te word, wil God tog nie almal verwerp nie. Hy het die wêreld oneindig lief.
**Wat het Hy toe gedoen om ons probleem (dat ons eintlik verdien om hel toe te gaan) op te los?**

Joh 3:16; DL 1:2, 2:2

3.2 **Wie is Jesus nou eintlik?**

Joh 1:1, 14; Gal 1:4; HK antw 16, 17

3.3 **Wat het God reeds met al ons sonde gedoen?**

2 Kor 5:21; HK antw 39

3.4 **Op watter manier het Jesus gely?**

Filp 2:6-8; Matt 26:67-68; HK antw 37

3.5 **Wat was die doel van Christus se lyding?**

Gal 1:4

3.6 **Wat is die betekenis van Jesus se opstanding vir jou?**

1 Kor 15:54, 55; HK antw 45 ✍📖

3.7 **Wat is die betekenis van Jesus se hemelvaart vir jou?**

Joh 14:2; HK antw 49 ✍📖

## 4. HOE ONTVANG EK DIE EWIGE LEWE UIT SY HAND?

4.1 **Wat is die middel en weg waarlangs ek die ewige lewe ontvang?**

Hand 16:31; HK antw 20 ✍📖

"WARE SALIGMAKENDE GELOOF IS DIE ENIGSTE SLEUTEL WAARMEE DIE POORT VAN DIE HEMEL OOPGESLUIT WORD." (Calvyn)

GELOOF IS DIE HANDE WAT GOD MY GEE OM SY GENADE (GESKENK) TE ONTVANG.

4.2 **Waarom is dit nie genoeg om met jou verstand te weet dat daar 'n God is en dat Jesus Christus geleef en gesterf het nie?**

Jak 2:19 ✍📖

4.3 **Waarom mag jy nie net in tye van nood en gevaar op God vertrou nie?**

1 Kor 15:19 ✍📖

4.4 **Wat is ware saligmakende geloof?**

Hebr 11:1; HK antw 21 ✍📖

"'N WARE GELOOF IS DIE LEË HAND VAN 'N BEDELAAR WAARMEE HY DIE GESKENK VAN DIE EWIGE LEWE ONTVANG" (Maarten Luther)

4.5 **Hoe kry ek dit reg om te glo?**

Ef 2:8b; HK antw 65a ✍📖

4.6 **Wat laat die Heilige Gees ons doen deur die opregte geloof wat Hy in ons hart laat ontvlam?**

NGB art 22a ✍📖

4.7 **Wie word van die toorn van God en die verderf verlos en ontvang die ewige lewe?**

DL 1:4; Joh 6:47 ✍📖

4.8 **Wat gebeur met my as ek nie in Jesus Christus glo nie?**

Joh 3:36; Hebr 3:19; DL 1:4 ✍📖

4.9 **Wat het nog altyd, van die vroegste tye af, gebeur met iemand wat Jesus as Verlosser en Here omhels?**

Hand 2:47b ✍📖

4:10 **Wat is elke gelowige verplig om te doen?**

NGB art 28

In die gebed moet jy jou sonde opreg bely; jou geloof in Jesus Christus as Saligmaker bely; en jou bereid verklaar om voortaan van harte vir Hom te leef.
(Hy maak bereid deur die werk van die Heilige Gees.)

## AFDELING 3

# BLYWENDE GELOOFSEKERHEID

### 1. GELOOFSEKERHEID

**1.1 Is geloofsekerheid nie iets wat jy weer kan verloor nie?**

In Afdeling 2 het ons uit die Skrif en die belydenis gesien dat iemand wat in Jesus Christus glo, ’n kind van God is, dat hy die ewige lewe het en nie in die oordeel kom nie en dat hy deur die Heilige Gees in sy hele lewe nuut gemaak word. Die feit dat jy as Christen tog ook nog sonde doen, kan die vraag by mens laat ontstaan of jy regtig kind van God is en sal bly.

**1.1.1 Is dit so dat iemand wat regtig in Christus glo outomaties ophou om sonde te doen?**

Rom 7:18-19; HK antw 114

**1.1.2 Wat is sonde?**

Ps 51:5-6; 1 Joh 3:4

Die Griekse woord vir “sonde” beteken eintlik om jou “doel te mis”.
**Wat is jou doel in hierdie lewe?**

1 Kor 10:31

**1.1.3 As mens ’n Christen geword het en tog nog sondig, wat doen die sonde aan die verhouding tussen jou en God?**

Ef 4:30

**1.1.4 Watter gevoel bring sonde by die kind van God?**

Ps 51:13, 14; NGB art 15 (2de laaste sin)

**1.2 Hoe ek as Christen my geloofsekerheid kan behou:**

**1.2.1 Wat moet ’n Christen doen as hy gesondig het?**

Ps 32:3, 5; DL 5:2 (2de sin)

**1.2.2 Met watter gesindheid moet jy jou sonde bely?**

Joël 2:13

**1.2.3 Wat sal God doen as jy jou sonde bely?**

1 Joh 1:8, 9

**1.2.4 Waarom verdien ons nederige skuldbelydenis nie God se vergifnis nie?**

Rom 3:23, 24; HK antw 60

**1.3 Geloof is soos ’n plant wat gedurig water moet kry – die water van die Woord.**

1.3.1 ’n Spier wat nie geoefen word nie, verswak. So is dit ook met die geloof in Jesus Christus.

**Wat sê Paulus oor geloofsgroei?**

1 Tim 4:7;  1 Tim 6:20

**Wat sê die Here deur Petrus oor geloofsgroei?**

2 Petr 1:5-8

**Wat sê die Hebreërbrief-skrywer oor groei?**

Hebr 6:11, 12

1.3.2 **Wat sê die volgende Skrifgedeeltes oor geloof sonder dade?**

1 Tess 1:3;  Jak 2:14

1.3.3 **Watter middele het God self aan ons gegee om ons in die geloof te laat groei?**

Hand 20:32;  Ef 6:18;  HK antw 65

1.3.4 **Wat moet die doel van ons geloofsgroei wees?**

Ef 4:12-16

## AFDELING 4

## KOMMUNIKASIE IN DIE GODSDIENS
## DIE BYBEL

In Ps 115 (vs 5-6) wys die Psalmdigter op die sinloosheid van afgodsaanbidding en sê o.a. oor die afgode:
*"Hulle het 'n mond maar praat nie; ore het hulle, maar hoor nie."*
Daarteenoor aanbid ons 'n lewende God wat met ons praat deur sy Woord en met Wie ons kan praat deur te bid.

### 1. HOE KEN ONS GOD?

**Hoe maak God Hom aan ons bekend volgens die volgende gedeeltes?**

Hebr 1:1,2; Ps 19:2-4; NGB art 2; Rom 10:13-15 ✍📖

Die sondeval het ons as mense swaksiende gemaak. Daarom het ons die bril van God se Woord nodig, voordat ons die skepping kan raaksien as God se werk. Ons het die Bybel nodig om God te leer ken in sy werke en om te verstaan Wie Hy werklik is.

### 2. DIE BYBEL AS OPENBARINGSBRON

#### 2.1 Die Bybel is Woord van God:

God die Heilige Gees is die eintlik Skrywer van die Bybel (vgl. 2 Tim 3:16; 2 Pet 1:20-21; NGB art 3). Hy het die Bybelskrywers gebruik (geïnspireer) om elkeen volgens sy eie persoonlikheid die Woord van God waar en reg neer te pen. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die beskrywing van die lewe en werk van die Here Jesus in die vier evangeliebeskrywinge. Die vier skrywers beskryf dieselfde gebeure onder leiding van die Heilige Gees, maar elkeen volgens sy eie unieke persoonlikheid en doelwit.

Omdat dit Woord van God is, is die Bybel die hoogste gesag in ons lewens. Lees **Lukas 4:1-21** en kyk hoe selfs die Here Jesus die woorde van die Bybel as gesagvol gebruik. Wat sê dit vir hoe ons die Bybel moet gebruik? (vgl. ook NGB art 5).

Die Bybel is nie 'n wetenskaplike of geskiedenishandboek waarin dinge kronologies met oorsake en gevolge in wetenskaplik taal gestel word nie. Dit vertel wel vir ons dat God dinge in sy skepping weggelê het wat ons as mense moet ontdek en ontwikkel, asook dat die wêreldgeskiedenis deur God na 'n sekere doelpunt gestuur word.

#### 2.2 Die Bybel bevat God se Woordopenbaring volledig:

Die bedoeling van die Bybel is nie om alles wat God is, wat Hy gedoen het en gesê het, vir ons op te teken nie (vgl. Joh 20:30, 31; 21:25). Die Here het net dit laat opteken wat ons nodig het om Hom te ken en te weet hoe ons dankbaar vir ons verlossing tot sy eer as nuwe mense kan en moet lewe. Omdat die Bybel God se Woordopenbaring volledig bevat, verbied God ons om nie allerhande woorde en openbaringe daar by te voeg of dele van die Bybel weg te neem nie. Lees die woorde van die Here hieroor in **Openb 22:18, 19; Deut 4:2** (vgl. ook NGB art 7).

Die Bybel is so opgestel dat kinders dit kan verstaan en die Here daardeur kan leer ken (Mat 11:25). Tog is dit ook so ryk en diep dat 'n mens nooit by die einde van die rykdom van die Bybel as Woord van God kan uitkom nie (Rom 11:33-36). Deur volgehoue Skrifstudie en gebed groei ons in ons kennis en ons verhouding met God.

#### 2.3 Wat is die kernsaak waaroor dit in die Bybel gaan?

Die Bybel vertel ons Wie God is. Daardeur leer ons ook wie ons as mense is. Die

hele Bybel is gerig op die liefde van God wat Hy aan ons betoon het deurdat ons Here Jesus Christus gekom het om ons van ons sondes te verlos en ons verhouding met God te herstel. Die Bybelboeke is almal op een of ander wyse toegespits op Jesus Christus. Dit sê die Here Jesus self in Johannes 5:39:
*"Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."*

2.4 **Skrif en belydenisskrif**

**Waarom is 'n belydenis nodig?**

<u>Matt 16:15-16; Rom 10:10-11</u>

Die belydenisskrifte het deur die eeue totstand gekom, by tye en geleenthede waar dit nodig was om teenoor mekaar of teenoor die wêreld te bely wat onder leiding van die Heilige Gees op grond van die Woord geglo word. Die belydenisskrifte is vir ons gesagvol omdat dit met die Woord van God ooreenkom. Dit vat vir ons belangrike sake wat in die Bybel geleer word saam.

## 3. DIE SKEPPING AS OPENBARINGSBRON

**Wat vertel (openbaar) die skepping aangaande God?**

<u>Rom 1:20; Ps 19:2</u>

Wanneer ons in die lig van die Woord na die skepping kyk, dan sien ons God as Hy wat alles besonderlik geskep het en steeds in sy genade onderhou.

## 4. REAKSIE OP GOD SE OPENBARING

4.1 **Reageer alle mense eenders op God se openbaring?**

<u>Hand 17:12, 32</u>

4.2 **Hoe wil die Here hê dat jy as gelowige moet reageer op die openbaring van sy genade?**

<u>Joh 14:1; 2 Tim 3:14</u>

## 5. HOE LUISTER EK NA DIE WOORD VAN GOD?

5.1 **Biddend**
Die eerste vereiste is om biddend-ootmoedig na die Woord van God te kom. Biddend moet ons oopstaan vir die verligtende werking van die Heilige Gees wat die Woord in ons hart intregter; ootmoedig, want ons is klein en God is groot. Ons is swak en sondig en God is almagtig en heilig.

5.2 **Rustig**
Die beste plek is daar waar dit rustig en eenkant is.

5.3 **Met aandag**
Die Bybel is nie vermaaklikheidslektuur nie. Dit is God wat daardeur met jou praat. Die stem van God word duidelik gehoor daar waar jy en jou gedagtes net met Hom besig is.

5.4 **Sistematies**
Lees jou Bybel sistematies-ondersoekend. 'n Los en vas oopslaan van die Bybel kan die volledigheid en volheid van die Bybel verskraal; die rykdom van die Woord verarm; die grootheid van God se almag en gena-de verdof.

5.5 **Voortdurend**

God wil voortdurend met jou praat. Maak elke dag tyd en tye om na God te luister. God vra van die gelowige getroue en nougesette omgang met sy Woord.

5.6 **Selfondersoekend**

Die gelese Skrifgedeelte moet selfondersoekend toegepas word.

5.7 **Soekend**

Soek in die gelese Skrifgedeelte wat die Here daardeur vir jou sê. Vra jouself af wat God in hierdie gedeelte oor Homself vertel. Wat sê dit vir jou en jou lewe?

5.8 **Onderwerpend**

Omdat ek glo dat die Woord gesagvol is, onderwerp ek my volkome daaraan en leef in gehoorsaamheid aan die Here.

**AFDELING 5**

## KOMMUNIKASIE IN DIE GODSDIENS

### A. GEBED

*DIE VURIGE GEBED VAN DIE GELOWIGE HET GROOT KRAG*

### 1. WAT IS GEBED?

Gebed is die openhartige gesprek wat 'n gelowige kind van die Here het met sy hemelse Vader.
Lees: Heb 10:19-24 en antwoord die volgende vrae:

1.1 **Tot wie bid ons?**

HK antw 117 ✍📖

1.2 **Op grond waarvan bid jy?**

Joh 16:23, 24 ✍📖

1.3 **Watter plek neem die Heilige Gees in jou gebed in?**

Rom 8:15 ✍📖

1.4 **Hoe dikwels moet ons bid?**

Rom 12:12; 1 Tess 5:17 ✍📖

1.5 **Wat het ons gebede met God se beloftes te doen?**

Jes 62:6, 7 ✍📖

1.6 **Waarom is dit nodig om te bid?**

HK antw 116; 1 Tess 5:18 ✍📖

### 2. WATTER BELANGRIKE DELE VAN DIE GEBED VIND JY IN DIE VOLGENDE SKRIFGEDEELTES?

Ps 50:14; Ps 122:4; 1 Tim 2:1, 2 ✍📖

### 3. VOORWAARDES VIR GEBED

3.1 **Watter voorwaardes word in Heb 10:19-24 aangedui?**

HK antw 117 ✍📖

### 4. GEBEDSVERHORING

4.1 **Wanneer word ons gebede verhoor?**

1 Joh 5:14; Jak 4:3 ✍📖

4.2 **Hoe verhoor God die gebede?**

4.2.1 **Wat is God se antwoord aan Hiskia?**

2 Kon 20:2 ✍📖

4.2.2 **Wat is God se antwoord aan Paulus?**

2 Kor 12:8, 9

4.2.3 **Wat was God se antwoord aan Elia?**

1 Kon 19:4-7

4.3 **Hoekom verhoor God my gebede?**

Luk 11:11-13; Rom 8:34

**5. VOORBIDDING**

5.1 **Waarvoor word in die volgende Skrifgedeeltes voorbidding gedoen?**

2 Tess 3:1; Ef 6:18, 19; Jak 5:14-16; 1 Tim 2:1, 2

**6. WATTER ONDERRIG GEE CHRISTUS IN DIE GEBED?**

6.1 **Hoe begin die gebed en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 120, 121; Mat 6:9a

6.2 **Hoe lui die eerste bede en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 122; Mat 6:9b

6.3 **Hoe lui die tweede bede en wat beteken dit vir my?**

HK antw 123; Mat 6:10a

6.4 **Hoe lui die derde bede en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 124; Mat 6:10b

6.5 **Hoe lui die vierde bede en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 125; Spr 30:8, 9

6.6 **Hoe lui die vyfde bede en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 126; 1 Joh 2:1

6.7 **Hoe lui die sesde bede en wat beteken dit vir jou?**

HK antw 127; Rom 7:23

6.8 **Hoe sluit die gebed af?**

Rom 11:33-36

**AFDELING 6**

**DIE KERK**

## 1. WAT IS DIE KERK?

1.1 **Watter beelde word in die volgende tekste gebruik om die kerk te beskryf?**

1 Kor 3:9, 16; 1 Kor 12:27; 1 Pet 4:17; 1 Pet 5:2 ✍📖

1.2 **Wat is die kerk volgens die volgende twee gedeeltes uit ons belydenisskrifte?**

HK antw 54; NGB art 27 ✍📖

1.3 **Wie is die Hoof van die kerk?**

Ef 1:22; HK antw 50 ✍📖

1.4 **Uit wie bestaan die kerk?**
Is dit net spesiale mense, met sekere buitengewone eienskappe wat God so vergader as sy kerk? Sondelose mense? Heilige mense? Uit wie bestaan die kerk?
Ef 1:1; 1 Pet 2:9, 10; Joh 17:16 ✍📖

## 2. VERSKILLENDE BETEKENISSE KAN AAN DIE WOORD KERK GEHEG WORD

Soms word daar van die kerk gepraat en dan word duidelik die plaaslike kerk, dit is die gemeente van 'n bepaalde plek bedoel. (1Tess 1:1) Ander kere weer dui kerk op al die gelowiges wat op verskillende plekke woon (Matt 16:18). Die verskil tussen die plaaslike en universele kerk kan goed verduidelik word deur middel van die elektriese netwerk van 'n stad of dorp. Die krag word onsigbaar ondergronds en deur middel van bogrondse kabels (die universele kerk) vervoer na verskillende plekke. Die krag word egter sigbaar wanneer 'n lig aangeskakel word (die plaaslike kerk).

## 3. DIE NOODSAAKLIKHEID OM BY DIE KERK VAN CHRISTUS TE BEHOORT

3.1 **Wat sê die volgende beelde van die noodsaaklikheid van bogenoemde?**

Joh 15:5-6; 1 Kor 12:12-13; Joh 10:14-15 ✍📖

3.2 **Waarvoor bid Christus in Joh 17:20-21?** ✍📖

3.3 **Watter woord gebruik die Kategismus om ons deelword van die kerk te beskryf?**

HK antw 20 ✍📖

Die Bybel ken nie so iets soos "gelowiges" wat nie ingelyf is in die liggaam (kerk) van Christus nie. Los van die liggaam van Christus (kerk) sterf jou geloof, soos jou pinkie sal doodgaan en ontbind as jy dit afsny van die res van jou liggaam. Dan mis dit die lewende bloed. 'n Gloeiende kool gaan dood as jy dit van die hitte van die ander kole verwyder en eenkant neersit. God werk met die enkeling as 'n deel van die geheel.

## 4. WATTER KERK IS DIE WARE KERK VAN CHRISTUS?

4.1 **Wat sê die volgende verse oor die bestaan van 'n valse kerk?**

Mat 7:15-16; Joh 16:1-3 ✍📖

4.2 **Is daar ’n verskil tussen ’n ware en ’n volmaakte kerk?**

4.3 **Wat is die kenmerke van die ware kerk?**

NGB art 29

## 5. GENADEMIDDELE

5.1 **Wat is suiwer bediening van die Woord?**

1 Kor 2:2-5

5.1.1 **Waarin verskil ’n preek van ’n politieke toespraak?**

5.2 **Suiwer bediening van die sakramente**

5.2.1 **Wat is sakramente?**

HK antw 66; Rom 4:11

5.2.2 **Waarom is daar, behalwe die Woord, ook sakramente?**

HK antw 65; Ps 111:4a; 1Kor 11:25, 26

5.3 **Die suiwer bediening van die doop**

5.3.1 **Wie is almal betrokke by die verbond wat God met Abraham sluit?**

Gen 17:7

5.3.2 **Wanneer ontvang Abraham die besnydenis as teken en seël van die verbond? En sy seun Isak? Wat lei jy daaruit af oor kindertjies se betrokkenheid by die verbond?**

Gen 17:1; Gen. 21:4; Hand 16:15; 16:31-33

5.3.3 **Waarvan is die doop teken en seël?**

Hand 3:29; Rom 4:11; Gen 17:7, 11

5.3.4 **Wat beloof God in die doop?**

Doopsformulier (verlossing)

5.3.5 **Wat eis God in die doop?**

Doopsformulier (dankbaarheid)

5.4 **Die suiwer bediening van die Nagmaal:**

5.4.1 **Wat leer die volgende tekste oor die Nagmaal?**

1 Kor 10:16; 1 Kor 11:23, 27

**Tekens:**
Brood en wyn. Dit wys heen na die ligaam en bloed van Christus. Net soos die brood gebreek en die wyn geskink word, so is Christus se liggaam en bloed gegee tot volkome versoening van al ons sondes.
**Seël (waarborg):**
Net so seker as wat ek voor my oë kan sien dat die brood gebreek en die wyn

geskink word, en net so seker as wat ek die brood eet en die wyn drink en dit dan deel word van my liggaam, net so seker is Christus vir my sondes geoffer en word Hy deur die werking van die Heilige Gees deel van my lewe.

5.4.2 **Herinner die Nagmaal net aan ’n gebeurtenis in die verlede?**

Matt 26:29 ✍📖

5.4.3 **Waaruit bestaan die regte voorbereiding vir Nagmaal?**

HK antw 81; 1 Kor 11:28 ✍📖

**Nagmaalsformulier:**
*“Ten eerste: Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking, sodat hy homself kan mishaag en hom voor God kan verootmoedig; want die toorn van God teen die sonde is so groot dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy geliefde Seun, Jesus Christus, met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het.*
*Ten tweede: Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus vergewe is en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken en geskenk is, ja, so volkome asof hy in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.*
*Ten derde: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor Hom te wandel; ook om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.”*
*“Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel?”*
*“Vir die wat hulleself vanwee hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met ’n opregte hart tot God bekeer nie, die eet en drink ’n oordeel oor hulleself.”*

5.4.4 **Wie moet nie Nagmaal gebruik nie?**

HK antw 82; 1 Kor 11:27 ✍📖

5.4.5 **Op watter wyse het Jesus die Nagmaal ingestel?**

Matt 26:20-28 ✍📖

5.4.6 **Is dit reg om ongereeld eredienste by te woon, maar wel Nagmaal te wil gebruik?**

HK antw 65 ✍📖

5.4.7 **Wat doen jy as jy nagmaal gebruik?**
Lees die hartsverheffing in die nagmaalsformulier en die slotgebed aan die einde van die nagmaalsformulier.

5.5 **Toepassing van die kerklike tug**
Stel jou voor: ’n Huisgesin sonder dissipline. ’n Staat sonder ’n polisiemag om orde te handhaaf. ’n Wingerdstok wat nooit gesnoei word nie. Chaos, nie waar nie!
So is dit ook in die kerk. Sonder dissipline en tug word dit wild en onvrugbaar.

KERKLIKE TUG IS OM IEMAND WAT OP DIE RAND VAN ’N AFGROND STAAN EN DREIG OM OOR TE VAL, BETYDS TE KEER.

5.5.1 **Karakter van die kerklike tug**

Hebr 12:5-8 ✍📖

Onthou dat die woord wat hier vertaal is as "tug" in die oorspronklike Grieks eerder die grondbetekenis het van *opvoeding* as die van *straf* wat ons daaraan koppel.

5.5.2 **Wat is die doel van kerklike tug volgens die volgende tekste?**

1 Kor 5:7, 13; Hand 5:3-5 ✍📖

5.5.3 **Wie se taak is dit om tug uit te oefen?**

Matt 18:15-17; Mat 16:16-20 ✍📖

Opdrag aan ouderlinge volgens bevestigingsformulier:
"U moet sorgvuldig let op die leer van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos bystaan. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie en in hulle sondes voortlewe, moet met die kerklike vermaning en tug opgetree word, en die wat berou het, moet weer in die gemeenskap van die kerk ontvang word."

5.5.4 **Hoe verloop die tug?**

Matt 18:15-17 (Soos hier bo) ✍📖

## 6. ’N VOLMAAKTE KERK?

’n Kerk wat al bogenoemde drie kenmerke het, is die ware kerk. Maar moet tog nie dink dat jy êrens op aarde ’n volmaakte kerk sal aantref nie.
Geen kerk is volmaak in sy prediking, sakramentsbediening of tugoefening nie.
Daar is ook geen kerk wat 100% net uit gelowiges bestaan nie.

**Wat sê NGB art 29 hieroor?** ✍📖

Die vraag is maar net: Hoe staan die kerk self teenoor sy eie tekortkominge? Is dit vir hom ’n saak van droefheid en dodelike erns om homself voortdurend te suiwer?

KERK VAN DIE REFORMASIE BLY ALTYD REFORMERENDE KERK.

## 7. ONS EREDIENS

7.1 **Wat is die erediens?**

’n Erediens is ’n heilige ontmoeting tussen God en sy volk.
Prediker en luisteraar moet daarom vol verwagting wees oor wat gaan gebeur as God sy volk ontmoet.

7.2 **Wat gebeur in ’n erediens?**

God praat – die mens antwoord.
Hierdie gesprek vind plaas deur verskillende "agendapunte" of elemente in die erediens wat ons in geheel die liturgie noem.
Die liturgie bestaan gewoonlik uit die volgende:

7.2.1 **Votum:**
Die erediens begin met die belydenis van die gemeente.

Skryf die volgende twee tekste volledig neer:

Ps 124:8; Ps 95:6 ✍📖

Soos die hamerslag van die voorsitter van 'n vergadering aankondig dat die vergadering van daardie oomblik af in sitting is, so is die votum (oorspronklik toewy) die aankondiging dat dit van daardie oomblik af 'n heilige ontmoeting is tussen God en sy volk.

7.2.2 **Seëngroet:**
God groet sy volk deur die prediker wat sy seen van genade en vrede oor sy volk uitspreek.

**Wat is die inhoud van daardie seën?**

Op 1:4, 5 ✍📖

7.2.3 **Kerksang:**
God se volk antwoord met 'n loflied, boetelied, skuldbelydenis, danklied, ens. deur die loop van die erediens op God se Woord. Ons sing verkieslik beryminge van Skrifgedeeltes, byvoorbeeld Psalms. Ef 5:19, Ps 150:1 as bevel.

"NIEMAND KAN IETS SING WAT GOD WAARDIG IS NIE, OF MOET DIT VAN GOD ONTVANG HET" (Augustinus)

7.2.4 **Geloofsbelydenis:**
Hierin spreek die gelowiges op kort, sistematiese wyse hul geloof uit. Reeds baie vroeg in die geskiedenis van die kerk het die gelowiges hierdie behoefte gevoel.

**Waarom is daar die behoefte aan belydenis?**

Tit 1:9, 1 Tim 6:3 ✍📖

7.2.5 **Die Wet van die Here (Eks 20 en Deut 5):**
Dit word om twee redes aan die gemeente voorgelees, nl. as spieël vir ons ellende en as reël vir ons dankbaarheidslewe.
Na die voorlesing van die Wet antwoord die gemeente weer met 'n lied van verootmoediging of 'n lied van verlossing of 'n bede om gehoorsaamheid, bv. Skrifberyming 26:11.

7.2.6 **Skriflesing:**
Dit is die belangrikste onderdeel van die liturgie. God spreek self. Hier behoort die gesindheid van die gelowige te wees: Spreek, Here, u dienskneg/maagd luister.

**Waarom is Skriflesing 'n belangrike deel van 'n erediens?**

Hand 13:15, 27 ✍📖

7.2.7 **Gebed:**
Gewoonlik voor Skriflesing en na die preek.
Voor die preek 'n gebed om verligting van die Heilige Gees en na die preek die reaksie op die Woordbediening en die algemene nood en behoefte van die volk van die Here. Ook vir alle mense.

7.2.8 **Verklaring en toepassing van die Woord = preek**

7.2.9 **Slotseën:**
'n Heerlike gedagte: voordat die gelowiges uitmekaar gaan en elkeen na sy eie werk, word op hulle die seën gelê van die Drie-enige God.

**Hoe lui hierdie seën?**

Num 6:22-27; 2Kor 13:13 ✍📖

7.2.10 Daar is ook nog ander plegtige kerklike handelinge wat tot die erediens behoort: Sakramente, openbare belydenis van geloof, openbare tughandeling, bevestiging van die ampte, Christelike liefdesgawes.

**Het jy agtergekom dat alles wat in die erediens gebeur, uit die Skrif kom? Watter elemente van die erediens herken jy in die volgende Skrifgedeeltes?**

<u>Hand 2:42, 46; Ef 5:18-20; 1 Kor 16:2; HK antw 103</u> ✍🕮

7.3 **Bywoning van die eredienste**
Lees die volgende en verklaar waarom gereelde bywoning van eredienste noodsaaklik is:

<u>Heb 10:25; Op 3:6, 13; Ps 42:3</u> ✍🕮

## 8. HOE MOET DIT GAAN IN DIE KERK VAN CHRISTUS?

<u>1 Kor 14:33; NGB art 32</u> ✍🕮

**AFDELING 7**

**OOR DIE REGERING VAN DIE KERK**

**1. WIE IS DIE HOOF VAN DIE KERK?**

Kol 1:18

As Hoof van die kerk roep God gelowiges om in sy kerk te werk. Deur die gelowiges bereik die evangelie van vrede en verlossing ander mense en werk God ook in hul harte die geloof en voeg hulle by sy kerk.
Elkeen van hierdie geroepe gelowiges werk in sy kerk. Hulle doen dit nie uit eie krag en wysheid nie, maar ontvang die ywer en insig en die woorde van die Heilige Gees (Jes 59:21; Rom 8:9). Daarmee saam het die Hoof van die kerk ook ’n pragtige belofte gemaak in Matt 28:20.
Omdat Hy so ’n belofte gemaak het, kan ons ook verseker wees uit Matt 16:18 dat die kerk nooit oorweldig sal word nie, en dat al die lede van die kerk ook verder mag voortlewe in die ewige lewe.

1.1 **Die gelowiges**

Elkeen van hierdie gelowiges word ’n lidmaat van die kerk deur aan te sluit by die kerk en betrokke te raak by die kerk. Dit is die taak van elke lidmaat om so te leef dat ander mense sal sien dat hulle volgelinge van die Here hulle Koning is. Jesus praat van hierdie optrede as Hy sê die gelowiges moet die sout en die lig van die aarde wees (Matt 5:13-16).

**Die gelowiges is altyd in diens van God, nie net Sondae by die kerk nie. Wat is die doel van hierdie diens volgens 1 Kor 10:31?**

Meer spesifiek is hierdie diens aan God opgesluit in die naam “Christen”. Die naam “Christen” is afgelei van die naam Christus wat beteken dat Hy ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning is. Ons as sy volgelinge, as Christene, het ook die take van profeet, priester en koning ontvang.

**Hoe moet die gelowige optree:**

1.1.1 **as profeet?**

Matt 28:19, 20; Hand 1:8; 1 Pet 2:9, 10

1.1.2 **as priester?**

Rom 12:1; Luk 22:24-27

1.1.3 **as koning?**

Rom 6:6; 11-13; Luk 22:29

’n Kenmerk van die werk van die gelowige is om altyd die vrug van die Gees te toon (Gal 5:22, 23). Tog is dit baie moeilik vir die sondige mens (Rom 7:7-25), maar met die Heilige Gees se leiding en krag van God kan ons in hierdie saak verbeter en algaande verander soos Jak 4:8 dit stel:

Benewens die gawe om ’n gelowige te wees, is daar persone wat nog besonderlik toegerus word en gawes ontvang om leiding in die kerk te gee. Ons lees in 1 Tim 5:17 en Hand 6:3, 4 (ook NGB art 30) dat hulle verdeel kan word in drie verskillende dienste (ampte), nl:

Die taak van elkeen van hierdie ampte word pragtig uiteengesit in NGB art 30. Daar

word gesê dat die predikante die Woord en die Sakramente moet bedien, terwyl die ouderlinge oor die kerk toesig hou en die orde handhaaf, en die diakens gemeenskap van die gelowiges bevorder.

## 2. WATTER PERSONE ROEP CHRISTUS OM SY GESAG IN SY KERK TE BEDIEN?

Omdat die gelowiges deur Christus self bekwaam gemaak is en geroep is, verrig hulle nie uit eie vermoë hul ampswerk nie, maar is in werklikheid gesante van Christus, wat in sy Naam kom (2 Kor 5:20), en daarom moet na hulle geluister word (Luk 10:16).

Kom ons kyk na die verskillende ampte.

2.1 **Die predikant** (Die lerende ouderling)
Die predikante word beskrywe, n.a.v. Jesus se woorde, as herders van die kudde. Tydens o.a. prediking, huisbesoek en katkisasie is hulle die (be)dienaars van die Woord van God. Baie van die opdragte wat Paulus aan Timoteus gegee het, is toepaslik op predikante, soos bv. 1 Tim 4:13; 2 Tim 4:2.

**Wat is die predikant se hoofopdrag?**

Daarmee saam kom daar ook algemene opdragte (soos Matt 28:19 – om die evangelie uit te dra aan die wêreld) wat aan alle gelowiges gerig is, en dus ook toepaslik is op predikante. Verder is alles wat van die ouderlinge gesê word, ook van toepassing op die predikant, want ten slotte is die predikant 'n ouderling – 'n lerende ouderling.

2.2 **Die ouderlinge** (die toesighoudende ouderlinge)
Jesus gee aan Johannes 'n opdrag wat tipies is van die ouderlinge se opdrag,

Joh 21:16

Om die taak te verrig, word aan die ouderlinge gawes gegee om hul dienswerk te kan verrig. Hulle moet dus nie hul taak uit dwang doen nie, maar eerder gewilliglik (1 Pet 5:2). Die liefde waarmee Jesus op aarde die afgedwaaldes, die soekendes en die hardkoppiges teruggelei het na die kudde, moet voorbeeld wees van die houding van die ouderlinge in hul ampswerk.

2.3 **Die diakens**
Die diakenamp het ontstaan omdat die ouderlinge nie meer die versorging van die armes behoorlik kon hanteer nie. Die diakenamp was ingestel om die mense in nood by te staan, eerstens die gelowiges en dan ook nog die mense buite die kerk.

Hand 6:1, 4; Gal 6:10

Oor die verkiesing of aanstelling van die drie ampte in die kerk, lees ons in NGB art 31 dat die verkiesing geskied deur die gemeente, na gebed om leiding in die verband.

**Wat moet my houding wees teenoor hierdie ampsdraers?**

Daar is verskillende riglyne gegee in die Woord:

Heb 13:7, 17, 18

Uit die Skrif leer ons dat ons aan hierdie voorgangers die nodige respek en eerbied moet betoon. Ons moet aan hulle gehoorsaam wees, want hulle waak oor en beskerm die gelowiges en sal selfs rekenskap moet gee oor wat hulle gedoen het (of versuim het om te doen).

Veral dan die ouderlinge, hulle wat moet toesig hou en die kerk moet regeer, hulle

leiding moet gerespekteer word. Hulle vergader op ’n gereelde grondslag onder leiding van die predikant om die lewe van die gemeente te bespreek, om die afgedwaaldes terug te bring, om die verharde sondaars met liefde deur die tug te vermaan.

## 3. KERKORDE

God is nie ’n God van wanorde nie, maar van orde en vrede (1 Kor 14:33). Om goeie orde en vrede in die kerk van die Here te hê, moet die kerk volgens die beginsels van die Bybel regeer word, daarom is daar ’n Kerkorde opgestel. Kom ons kyk na die belangrikste beginsels.

Wat stel Art 1 van die kerkorde as die doel van die kerkorde? (Sien kerkorde agter in nuwe Psalmboekie)

Daarby kan ons ook lees wat die NGB art 32 sê, nl: Die kerkorde word geensins op dieselfde vlak as die Bybel of selfs die belydenisskrifte geplaas nie. Die Kerkorde was opgestel om die onderlinge eendrag en eenheid te reël.
In die woord “kerkorde” is twee belangrike begrippe saamgevoeg. Aan die een kant is dit ’n orde wat uit die kerke self na vore gekom het. Aan die ander kant het hierdie orde aangepas by die karakter van die kerk, nl. liggaam van Christus en daarom is die beginsels vir hierdie kerkorde op die Skrif, veral die Nuwe Testament, gegrond.
Die kerk besit dus nie net ’n Skriftuurlike leer nie (belydenis), maar die Skrif is ook die grondslag vir die regering van die kerk. Omdat die kerkorde net die groot beginsellyne vir goeie kerkregering aandui, moet daar van tyd tot tyd sinodebesluite geneem word wat riglyne vir die praktyk aandui, gegrond op Skrif, belydenis en uit die grondbeginsels in die kerkorde.

## 4. KERKREGERINGSTELSEL

Die stelsel waarvolgens die Gereformeerde Kerke regeer word, word die presbiteriale stelsel, genoem wat afgelei is van die woord “presbiteros” wat ouderling beteken.
Die vernaamste beginsels van die presbiteriale stelsel van kerkregering is:

4.1 Christus is die enigste Hoof van elke plaaslike kerk.
4.2 Die plaaslike kerk kom tot openbaring omdat daar gelowiges is. Hulle kom saam op bevel van Christus (kragtens die amp van gelowige), om die ampte in te stel en te doen wat verder nodig is om die kerk as instelling vir die diens van Woord en Sakramente in te rig.
4.3 Die liggaam van Christus kom volledig voor waar ’n selfstandige (plaaslike) kerk bestaan.
4.4 Christus regeer deur die kerkraad (ouderlinge) in die Naam van Christus.
4.5 Die staat het geen seggenskap in die regering van die kerk nie, net soos die kerk nie seggenskap het oor die staat nie.
Die kerk en die staat moet dus nie op mekaar se terreine inmeng nie. Dit is twee verskillende regeringstelsels wat naas mekaar behoort te kan bestaan. Terwyl die kerk en sy lidmate ook onderdane van die staat is, moet hulle hul ook onderwerp aan die wette van die land. Dit terwyl die staat weer van hulle kant die ruimte en plek aan die kerk gee om God te dien soos wat die Bybel aan hulle opdrag gee. (NGB art 36, spesifiek par 2, verduidelik die verhouding tussen staat en kerk.)

## 5. MEERDERE VERGADERINGS

Naas die kerkraad is daar ook ander vergaderings in die kerk. Hulle is:

KO art 41; 47; 50; 51

Hierdie meerdere vergaderings is vergaderings van plaaslike kerke. Hulle handel slegs oor sake wat nie in ’n mindere vergadering afgehandel kon word nie. Soos tug

oor ampsdraers, of sake wat van belang is vir al die kerke saam (bv. belydenisskrifte). Die plaaslike gemeente met sy kerkraad is steeds die enigste sigbare vorm/struktuur van die kerk waarvan Christus die Hoof is. Hierdie meerdere vergaderings is ingestel om die orde en die eenheid in die kerkverband te bevorder.
Die afgevaardigdes na hierdie vergaderings beklee nie permanente aanstellings nie, net soos die vergaderings self nie permanente of regstatus het nie. Hulle bestaan net solank hulle besig is om te vergader, daarna ontbind hulle weer en bly net hul besluite oor.
Hierdie meerdere vergaderings vorm nie 'n hiërargiese bestuursstruktuur nie, hulle het nie hoër gesag as die kerkraad nie, maar eerder, vanweë die groter groep wat bymekaarkom, 'n meer gebalanseerde insig en besluitnemingsvermoë.
Algemeen gesproke kom 'n paar (gemiddeld sowat 10) naburige gemeentes se gedeputeerdes (afgevaardigdes) byeen om 'n klassis te vorm. 'n Klassis vergader normaalweg twee keer per jaar. So een keer per jaar kom 'n paar naburige klasisse se afgevaardigdes bymekaar om 'n Partikuliere Sinode te vorm (waarvan daar 7 in die GKSA is). Dan kom al die afgevaardigdes van die GKSA een keer elke drie jaar byeen om die Nasionle Sinode te vorm. Vir elkeen van hierdie vergaderinge word elke keer ander ouderlinge en predikante as deputate (afgevaardigdes) verkies.

## 6. ATTESTERING

### 6.1 Wat is 'n attestaat?

KO art 82 ✍📖

### 6.2 Wat is die inhoud van 'n attestaat?

In Hand 18:2; Filem 1:10-13, 17; 3 Joh 1:3 kry ons voorbeelde van attestate. Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat in 'n attestaat 'n beskrywing gegee word van die persoon se geloofslewe en sy gedrag.
Wanneer 'n lidmaat van die een gemeente na 'n ander verhuis, word 'n attestaat geskryf deur die een kerkraad aan die ander kerkraad. 'n Attestaat is nie 'n lidmaatskapbewys nie, maar 'n getuienis oor die gedrag en geloofslewe van 'n lidmaat. Dit is die lidmaat se verantwoordlikheid om die kerkraad van sy ou gemeente te verwittig indien hy van plan is om te vertrek sodat die attestaat betyds gereed sal wees.
Onthou, jy kan net lid wees van 'n plaaslike kerk. Jy is nie lidmaat van die Gereformeerde Kerke in die algemeen nie. Dus: jy is kerkloos as jy van een kerk wegtrek en jou nie by 'n volgende kerk aanmeld nie.

## 7. FINANSIES

Die kerk kry nie sy geld van die staat, of van belastings, of lidmaatskapfooie nie, maar van die bydraes (ook genoem liefdesdiens, of dankoffers) wat die lidmate aan die kerk (en dus aan God) gee.
Die Bybel leer op verskeie plekke dat dit wat ons besit eintlik die Here se eiendom is (o.a. Gen 28:22; 1 Kron 29:14; Ps 24:1; Mal 3:8). 'n Deel van ons diens aan God is om van die oorvloed waarin ons lewe, terug te gee aan God. Dit het die Ou-Testamentiese volk gedoen deur op 'n gereelde basis offers na die tempel te bring asook om tempelbelasting te betaal. Die Nuwe-Testamentiese gelowiges het begin om bydraes in te samel en dit te stuur aan die wat nie geld het nie.

'n Paar belangrike vrae wat baie gelowiges kwel –

**Hoeveel moet ek as kerklike bydrae gee?**

2 Kor 9:7, 8 ✍📖

**Moet ek steeds gee as ek self min het? (Wanneer het ek te min?)**

1 Kor 8:2-4 ✍📖

**Wat word alles met die kerk se geld gedoen?**

Die bydraes wat die kerk so insamel, word nie gebruik om die kerk ryk te laat word nie, maar word spandeer om die plaaslike kerk te laat voortgaan om Woord en Sakrament te bedien aan sy lidmate, dus die versorging van die predikant en die instandhouding en onderhoud van die kerkgebou en ander fasiliteite wat nodig is om Woord en Sakrament bediening te laat voortgaan.
Van die geld word ook deurgestuur aan die kerkverband na ander gemeentes wat finansieel swaarkry, sendingwerk, teologiese opleiding van predikante, versorging van geëmeriteerde (afgetrede) predikante en hul weduwees – om ’n paar te noem.

## AFDELING 8

## KORT OORSIG OOR DIE KERKGESKIEDENIS

Om die huidige tyd te verstaan, moet ons insig hê in die verlede. Dit gee ons ook perspektief op die toekoms.

Kerkgeskiedenis gee ons ’n kykie in die werk van Jesus Christus deur die eeue. Hy maak sy uitverkorenes uit alle volke, tale en nasies deur die eeue heen bymekaar. Hy doen dit deur die Gees en Woord. Hy doen dit van die begin van die wêreld af tot die einde toe. Ondanks menslike sonde, ontrouheid, bekrompenheid en ongehoorsaamheid vergader, beskerm en onderhou Christus sy kerk.

Ons wil met enkele vrae en antwoorde soos ’n voël in die lug oor die hele tydperk van Pinkster af tot vandag toe vlieg. Dit spreek dus vanself dat hierdie vlugtige behandeling van die hele kerkgeskiedenis baie oorsigtelik en onvolledig sal wees. Ons wil baie sterk aanbeveel dat jy in jou eie tyd van die kerkgeskiedenisboeke, selfstandig deurlees. Hoe meer jy weet van die geskiedenis van die kerk, hoe meer sal jy weet van die kerk en hoe meer sal jy die God van die kerk bewonder in sy onwrikbare getrouheid en liefde deur die eeue heen.

**1. Waar begin die kerkgeskiedenis?**
Die kerkgeskiedenis begin reeds in die paradys met die eerste mense, Adam en Eva. Die Nuwe-Testamentiese kerk is egter op Pinksterdag gebore toe die Heilige Gees uitgestort is om in die kerk te kom woon.

**2. Waardeur word die eerste drie eeue van die kerk se geskiedenis gekenmerk?**
Deur die triomf van God se Woord en Gees ondanks stryd en bittere vervolging.

**3. Wie het in die jaar 313 nC die Christelike godsdiens wettig verklaar?**
Keiser Konstantyn die Grote. Dit word beweer dat hy op ’n middag ’n helder kruis teen die hemel gesien het met die woorde: “Oorwin in hierdie teken.” Daarna het daar by hom ’n radikale verandering van gesindheid teenoor die Christendom gekom.

**4. Hoe het die kerk die staatskerk geword?**
Keiser Theodosius die Grote het in 380 nC die Christelike godsdiens as staatsgodsdiens verklaar.

**5. Watter nadele het die staatskerk ingehou?**
Massas heidene het in onkunde ten opsigte van die Christelike godsdiens met hulle heidense idees die kerk ingestroom. Die staat het die beslissende mag in die kerk gekry sodat die woord van die keiser en die staat die kerk en die godsdiens oorheers het. In die plek van beproewing en loutering het gemaksug, luiheid, ydelheid en ligsinnigheid gekom.

**6. Watter gebeurtenisse en persone het baie bygedra tot die ontstaan van die Rooms-Katolieke Kerk in Rome?**

6.1 Rome het al meer die sentrum van die kerklike lewe geword.

6.2 Biskop Gregorius die Grote (590-604) van Rome was ’n baie sterk persoonlikheid. Hy het sendingwerk gedoen onder die Longobarde en die tug van die kerk herstel. Hy was ’n fyn diplomaat en sy invloed het baie wyd en ver toegeneem. Vanaf sy tyd het die biskoppe van Rome hulleself papa, dit beteken vader, genoem. Hier kom die woord pous vandaan.

6.3 Pous Inocentius III het in die dertiende eeu selfs die staat aan die kerk en die pous onderwerp. Hy het na willekeur keisers aangestel en afgesit. Op ’n groot kerkvergadering in 1215 nC het hy verklaar dat die Here aan Petrus nie net die kerk nie, maar ook die wêreld gegee het om oor te regeer. Verder het hy gesê dat soos elke knie voor Christus moet buig, almal die pous moet gehoorsaam.

**7. Noem enkele van die dwaalleringe van die Rooms-Katolieke Kerk van die Middeleeue**

7.1 Die vernaamste dwaling was dat die gesag van die Bybel ondergeskik gestel is aan tradisies en uitsprake van pouse.
7.2 Die leer van die vagevuur, waarvolgens iemand na sy dood eers na ’n plek toe gaan waar sy siel “skoongebrand” moet word, voordat hy hemel toe gaan. Vir sulke siele kan daar nog steeds deur die mense op aarde gebid of geld betaal word om hulle te red.
7.3 Die altaar in die plek van die preekstoel.
7.4 Sakramente as “medisyne” met “toorkrag”, want die sakramente self verlos ons. Hulle het sewe sakramente gehad.
7.5 Maria en die ander heiliges en beelde is naas God vereer.
7.6 Die pous het dieselfde mag as Christus.

**8. Wat was Maarten Luther se groot ontdekking?**
Uit sy studie ontdek hy uit die Bybel dat die mens salig word uit genade en nie deur verdienste nie (Rom 1:17; Rom 3:21-28; Ps 71:2).

**9. Watter datum word beskou as die geboorte-uur van die Hervorming en waarom?**
31 Oktober 1517. Maarten Luther het sy 95 stellinge waarin hy die Roomse Kerk veroordeel, teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Sy werk was soos dié van ’n ysbrekerskip. Hy het die pad vir die Hervorming of Reformasie (d.w.s. terugkeer na die waarheid van die Bybel) oopgebreek.

**10. Waarom was die werk van Johannes Calvyn van so ’n groot betekenis?**

10.1 Calvyn het die eer en die soewereiniteit van God as hoogste lewensdoel beklemtoon en die betekenis van die evangelie van Jesus Christus in elke faset van die mens se lewe aangetoon.
10.2 Hy het kommentare by byna elke Bybelboek geskryf en in sy *Institusie*, wat vier lywige boekdele beslaan, het hy op ’n meesterlike manier die Gereformeerde leer beskryf en deurgetrek na elke aspek van ons menslike lewe.
10.3 Hy het in Genéve ook ’n kategismus geskryf en ’n universiteit opgerig waar mense vanoor die hele Europa kom studeer het.

**11. Wat was die reaksie van die Rooms-Katolieke Kerk teen die Reformasie?**
Hulle het die Reformasie met alle mag bestry. Die Inkwisisie het oral waar dit moontlik was, staatsmag ingeroep en Protestante is bloedig doodgemaak.

**12. Watter afwykende leer het teen 1600 nC in Nederland ontstaan?**
Die leer van die Remonstrante onder leiding van Arminius.

**13. Som baie kort die dwaalleer van die Remonstrante op**

13.1 Hulle het ontken dat die mens dood is in sy sonde wanneer hy gebore word. Erfsonde is geheel en al ontken.
13.2 Hulle het gesê dat die mens deur sy eie natuurlike wil vir of teen Christus kies.
13.3 Hulle het gesê dat God mense wel voor die grondlegging van die wêreld uitgekies het, maar dit gedoen het op grond daarvan dat Hy vooruitgesien en geweet het dat hulle in Christus sal glo.

**14. Hoe is die dwaalleer van die Remonstrante bestry?**
By ’n sinode te Dordrecht wat van Desember 1618 tot April 1619 vergader het, is die Dortse Leerreëls opgestel as antwoord teen die Remonstrantse dwaalleer.

**15. Watter belangrike stukke is nog by die Dordtse Sinode aanvaar?**
Die drie Gereformeerde Belydenisskrifte (die drie formuliere van eenheid) is as die geloofsbelydenis van die Gereformeerde kerke aanvaar, nl. die Dordtse Leerreëls,

die Heidelbergse Kategismus (in 1563 deur Ursinus en Olevianus opgestel) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (opgestel in 1561 deur Guido de Brés). Verder is die Dordtse Kerkorde opgestel waarin Bybelse beginsels neergelê is oor hoe die kerk regeer moet word.

**16. Watter afwykende geestestrominge het na die Reformasie – veral in die tweede helfte van die agtiende eeu – in Europa ontstaan wat die kerklike lewe baie beïnvloed het?**

16.1 Die Humanisme: dit beteken mensverheerliking.
16.2 Die Rasionalisme: dit beteken slegs dit wat deur die mens se verstand uitgeredeneer kan word, word aanvaar.
16.3 Die Piëtisme: slegs dit wat my gevoel aanspreek, of dit volgens die Bybel waar is of nie, word aanvaar.
16.4 Liberalisme: die mens se vryheid is deur niks gebonde nie.

**17. Wat was die geestelike inhoud van die kerk wat op 6 April 1652 deur Jan van Riebeeck na Suid-Afrika gebring is?**

Die eerste Christelike kerk aan die Kaap was Skriftuurlik en Gereformeerd. Die drie Gereformeerde Belydenisskrifte is geleer en uitgeleef. In die eerste gebede wat opgeteken is, is gebid dat die Gereformeerde godsdiens in hierdie land gevestig sal word. Daar is gereeld preke oor die Heidelbergse Kategismus voorgelees en gepreek. Die ouderlinge en diakens moes ’n formulier onderteken waarin hulle instem met die Gereformeerde Belydenisskrifte. Die bediening is die eerste 13 jaar deur die Klassis Amsterdam in Nederland gereël.

**18. Wie was die eerste predikant aan die Kaap?**

Ds. Johan van Arckel vanaf 18 Augustus 1665 – Januarie 1669, toe hy skielik oorlede is.

**19. Watter nadelige invloed was daar in die 18de eeu op die kerk?**

Omdat die kerk aan die Kaap so nou verbonde was aan die kerk in Nederland, het die Rasionalisme, Humanisme, Liberalisme en Piëtisme (vgl. vraag 16) ook hier die kerk beïnvloed.

**20. Wat het nog verder tot die verval van die kerk gelei?**

Die gesangboek van Nederland is in 1814 hier ingevoer. Onder die Britse bewind na 1806 het heelwat Engelssprekende en Skotse predikante met sterk klem op gevoelsgodsdiens die land binnegekom. In 1824 het die eerste Sinode besluit om die Reglement van die Nederlandse Kerkgenootskap van Koning Willem I van 1816 te aanvaar.

**21. Wie was die “Doppers” voor 1859?**

Dit was ’n groep konserwatiewe en baie gelowige grensboere wat vanweë hulle afgesonderdheid nie so baie beïnvloed is deur die liberalisme en gevoelsgodsdiens nie en naby die Bybel, die Belydenisskrifte en die eg Calvinistiese tradisies gelewe het. Om dié rede was hulle veral gekant teen die Evangeliese Gesange en die afwyking van die ou Dordtse Kerkorde. Hulle het gevoel dat die nuwe rigting nie meer die evangelie van die vrye genade en uitverkiesende liefde van God verkondig nie. ’n Hele aantal van hierdie “Doppers” het saam met die Groot Trek na die Vrystaat en Natal getrek.

**22. Op watter manier het ds. Dirk Postma na Suid-Afrika gekom?**

Menslikerwys gesproke byna toevallig. Die sinode van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk het hom afgevaardig om sy hulp vir die mense van Transvaal aan te bied in hulle nood aan predikante en onderwysers. Die beswaardes in die Hervormde Kerk van Transvaal het gedink dat Postma se koms ’n verhoring van hulle gebede is en ’n reaksie op ’n blanko beroepsbrief wat hulle na Nederland gestuur het.

**23. Wat het op die Algemene Kerkvergadering van 11 Januarie 1859 gebeur waar ’n ondersoek ingestel is na die leer en lewe van ds. Dirk Postma?**

Op die vraag na sy standpunte oor die leer het Postma gesê hy aanvaar geheel en al die Bybel en die drie formuliere van eenheid as grondslag van die waarheid. Hy het ook ’n mooi Bybelse uiteensetting gegee van wat die verhouding tussen kerk en staat behoort te wees. Op ’n vraag oor wat sy standpunt oor die sing van gesange is, het Postma dit duidelik gestel dat daar geen beswaar teen die sing van regsinnige gesange is nie. Dit is egter beter om net gesange te sing waarvan die oorspronklike teks in die Bybel teruggevind kan word. Elke leraar behoort egter die vryheid te hê om volgens sy eie gewete en die toestand van die plaaslike gemeente op te tree.

Hierdie standpunt van Postma is verwerp deur ds. Van der Hoff en ’n besluit is geneem wat Postma wou verplig om in alle gevalle gesange te laat sing. Postma kon dit nie aanvaar nie en 15 lede van die Rustenburgse gemeente onder leiding van Paul Kruger het hulle afgeskei van die Hervormde kerk om weer ’n vrye Gereformeerde kerk, gebaseer op die Bybel, die drie Gereformeerde Belydenisskrifte en die Dordtse Kerkorde, daar te stel.

**24. Waar en wanneer is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestig?**

Onder ’n seringboom in Rustenburg op 10 Februarie 1859 na vele gebede en besinning – 300 volwassenes het die dag aangesluit.

**25. Hoe het die Gereformeerde Kerk verder ontwikkel?**

Omdat daar baie “Doppers” regoor die land was, het daar spoedig verdere gemeentes ontstaan. Nog in 1859 is Pretoria, Waterberg (Nylstroom), Lydenburg, Potchefstroom en Reddersburg in die Vrystaat gestig.

In 1860 is gemeentes Burgersdorp, Middelburg (KP) en Colesberg gestig.

’n Eie Teologiese Skool is in 1869 te Burgersdorp opgerig. In 1905 is dit oorgeplaas na Potchefstroom. Hieruit is die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gebore.

**26. Wat behoort ’n Gereformeerde se houding en gesindheid te wees teenoor iemand wat aan ’n ander kerk behoort?**

Die Here vra van ons die grootste liefde en verdraagsaamheid en enige moontlike samewerking met almal wat Hom werklik liefhet en sy Woord wil gehoorsaam. Ons moet bid dat die Here die verskeurdheid van sy liggaam sal herstel en op sy tyd ware eenheid, d.w.s. een kerk, sal gee vir al sy kinders, sodat almal hartlik daaraan kan meewerk. Met groot liefde en geduld moet ons mense wat van die Bybel afwyk, teregwys en steeds onsself reformeer om nog meer aan die Here en sy Woord alleen getrou te bly.

**AFDELING 9**

**DIE DIENS VAN DIE LIDMAAT IN DIE KERK**

**1. JOU DANKBAARHEIDSLEWE BINNE DIE LIGGAAM (KERK VAN CHRISTUS)**

1.1 **Waarom moet ons voor God dankbaar lewe?**

Rom 6:13 ✍📖

Dit is nie dat ons enigsins daartoe instaat is om die dankbaarheidslewe reg uit te leef nie, maar volgens Rom 12:1, 2 (ook DL 5:14) word ons deur God innerlik verander om op die regte manier te lewe. Dit is die Heilige Gees wat in ons woon wat ons verander tot die ewebeeld van God (HK antw 86; NGB art 24).
Hierdie dankbaarheid is gerig tot God wat aan ons in oorvloed gee, maar omdat Hy vir ons meer gee as wat ons nodig het, moet ons die dankbaarheid uitleef teenoor ons medemens. Selfs daarvoor het ons 'n oormaat van gawes en vermoëns van God ontvang. Dit is deel van my dankbaarheidslewe om hierdie gawes tot nut en saligheid van die lede van Christus se liggaam beskikbaar te stel (HK antw 55).
Rom 12:9-21 leer ons 'n aantal eienskappe van die nuwe, lewende lidmaat van die gemeente.

Gal 5:22-23; Kol 3:12-17 ✍📖

**2. DIE UITLEWING VAN JOU DANKBAARHEID NA BUITE**

Matt 5:13 leer ons dat ons taak as gelowiges wyer strek as net die gemeente waarin ons is. As sout van die aarde en lig vir die wêreld moet ons deur ons woorde en werke die mense daar buite tot nuwe insigte laat kom (Joh 13:35).
Deur telkens die slegte met die goeie te beantwoord, die kwaad nie met kwaad te vergeld nie (1 Pet 3:9), kan ons getuie wees van God se liefde, sy goedheid en sy heerlikheid (1 Pet 2:12; 3:15).

Christene behoort soos Christus op te tree. Soos Hy moet ons ook as profete, priesters en konings optree (HK antw 12).

As profeet – deur sy naam te bely, Hom te verkondig as die opgestane Here wat terugkom op die wolke (Hand 1:8).
As priester – deur myself as lewende dankoffer aan Hom te wy (Rom 12:1, 2).
As koning – deurdat ons nou saam met Christus kan regeer oor die mag van die sonde (Rom 6:6, 11-13)

**Watter take kan jy verrig om met jou spesifieke gawes, a) God te dien, b) jou medegelowiges te ondersteun, c) meewerk om die buitekerklikes terug te bring na Christus en sy kerk?** ✍📖

**3. DIE PLEK VAN DIE WET VAN DIE HERE IN ONS DANKBAARHEIDSLEWE**

Volgens die Ou Testament moet ons die Wet tot in die kleinste besonderhede gehoorsaam. Tog bewys Paulus in Rom 7:15, 16, 21 dat die gelowige nie daartoe instaat is om die Wet van God na te kom nie. In Christus is ons as gelowiges nie net vrygespreek van hierdie doodstraf nie, maar in die plek daarvan het Hy aan ons die ewige lewe gegee. Die Wet is nog steeds noodsaaklik, nou nie meer as die metode om ons saak voor God reg te stel nie, maar as riglyn hoe om ons dankbaarheidslewe uit te leef.

**4. DIE WET**

4.1 **Die aanhef van die Wet**
Die verlossing uit die slawerny van Egipte (Eks 20:1) gee die grondbeginsels van 'n

lewe volgens God se wil. Omdat Hy ons ook uit die slawerny van die sonde verlos het, behoort ons ook gehoorsaam te wees aan die Tien Gebooie om so ons dankbaarheid uit te leef.

**Hierdie dankbaarheidslewe kan saamgevat word in twee dele:**
Matt 22:37-40 (wat aanhalings is uit Deut 6:5; Lev 19:18) ✍📖

Hoe moet die woord liefde verstaan word? Die liefde wat God verwag, is liefde wat van die Vader (Joh 3:16) die Seun (Joh 13:34) en die Heilige Gees (Gal 5:22) uitgaan. Dit sluit selfs liefde vir die vyand in (Matt 5:43-48). Hierdie liefde is nie net 'n emosie, 'n gevoel nie, maar gaan altyd oor in dade soos Matt 22:37-40 hierbo.

Die Tien Gebooie kan in twee hoofgroepe (twee tafels) verdeel word.
Eks 20:2-11 = Gebooie 1-4 – die verhouding (liefde) tot God.
Eks 20:12-17 = Gebooie 5-10 – die verhouding (liefde) tot die naaste.

4.2 **Die eerste gebod**
Eks 20:3 – *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie*.

Die gelowige mag nie die verkeerde God aanbid nie.
In die eerste gebod erken ons dat God uniek is. Hy is die enigste God (Deut 6:4), Hy is die Skepper, die Onderhouer en Regeerder van alles en almal (HK 9, 10). God, ons Vader, Verlosser en Vertrooster het alleenreg op ons. Die gelowiges mag nie getrou aan of afhanklik wees van enige iemand anders nie, ook mag daar geen ander god in die gedagtes van die gelowiges bestaan nie. Indien ons ons sou besig hou met iemand/iets wat ons op God se vlak wil plaas, dan is ons besig om die mag en gesag van God te ondermyn, en besig met afgodery.

**Wat noem 1 Kor10:19, 20 afgodery?** ✍📖

**Wat sê HK antw 95 – wat is afgodery?** ✍📖

Terwyl in ander wêrelddele beelde nog aanbid word, het die Westerse beskawing meer verfynd geraak. Die Westerling het vir hom abstrakte en onsienlike afgode aangeskaf. So bestaan daar o.a. Satanisme, okkulte, New Age-beweging (Dt 18:10-13 verdoem al die vorme). Satan is verder baie subtiel besig om ander afgode in ons midde te plaas. Soos: egoïsme (hebsug en eersug), rassisme, nasionalisme, kapitalisme, hendoïsme, humanisme, alkoholisme, techno-isme, natuur-isme.
'n Afgod is dié ding waaraan ons meer tyd en energie spandeer as aan God. As ons meer bekommerd is daaroor as oor ons verhouding met God, dan is ons besig met afgodediens.
Maar ons moet kinderlik afhanklik gehoorsaam wees aan God. Elke dag moet ons besig wees om God beter te leer ken (Joh 17:3) sodat ons Hom al meer kan vertrou (Jer 17:5-7) (selfs in die swaarste beproewinge). Ons moet onsself al meer aan Hom onderwerp (Matt 10:37). Ons moet sy wil uitvoer (Mat 10:37; Luk 8:21), selfs al raak ons al slimmer en wyser. Ons moet ons hulp van Hom verwag (Ps 37:5), selfs al raak ons al selfstandiger. Dit is Hy wat materiële voorspoed en gesondheid skenk (Eks 15:26; Ps 103:1-3). Elke goeie gawe en volmaakte geskenk kom van Hom (Jak 1:17).

**Wat sê NGB art 1 van die God die Gewer?** ✍📖

Ja, Hom moet ons liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte (Matt 22:27). Ons moet eerstens ons energie, ons kragte en sweet aanwend vir Hom. Ons moet aan die einde van die dag moeg wees van werk wat ons vir Hom gedoen het. Wat sê **Matt 6:33**? ONTHOU – Dit gaan in die godsdiens oor die God van die gawes, nie oor die gawes van God nie. Nooit mag ons ons oë van Hom afneem nie, maar alleen ons dank en aanbidding tot Hom rig.

4.3 **Die tweede gebod**

Eks 20:4-6 – *Jy mag geen beeld maak en dit aanbid nie*.

Die gelowige mag nie God op 'n verkeerde manier aanbid nie.
Weens die uniekheid van God (1ste gebod), omdat Hy die onsienlike, geestelike God (2 Kor 3:17, 18) is, word Hy ook op unieke wyse aanbid. Om 'n aardse beeld van Hom te maak, skend sy almagtigheid, verhewenheid en alomteenwoordigheid. God se uitverkore volk aanbid en volg God deur aan sy Woord en Gees gehoorsaam te wees.
God is heilig en geen beeld uit hierdie sondige wêreld kan Hom in sy volkome heiligheid weergee nie.
Tog leer die Bybel ons dat ons na die beeld van God gemaak is (Gen 1:27). Christus is die volmaakte beeld (Kol 1:15) asook die finale openbaring van God. Hy het gekom om die sondevervalle beeld van die mens te herstel.

**Wat sê Johannes van die wat wat glo in die onsienlike (Joh 20:29)?**

**Wat leer ons van God uit die laaste gedeelte van hierdie gebod (die 3-4 teenoor die 1 000ste geslagte)?**

**Hoe kan ons God op die regte manier aanbid?**
Daar is 'n paar aspekte waaraan ons moet aandag gee. Die een nie sonder die ander nie, maar in 'n gesonde balans met mekaar: Wat word van die volgende gesê?

**Die Woord van God bestudeer**

1 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17

**Gebed vir hulp, insig**

Jes 45:20; Ps 69:14; Jes 30:19; Fil 4:6

**Gelei deur die Heilige Gees**

Joh 16:13; Rom 8:14

**Dan uit dankbaarheid doen ons wat ons geleer het**

Matt 7:21, 22; Luk 6:45-47

4.4 **Die derde gebod**

Eks 20:7 – *Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie.*

Die Naam wat hier bedoel word, is primêr die Naam wat God Homself gee in Eks 3:14.

**Wat is die Naam? Hoe het die volk die Naam gebruik? Wat beteken die naam?**
Dit gaan net om een Naam nie. Dit gaan oor al sy name, sy wese, persoonlikheid, werke en wonders. Geen aspek van God se bestaan mag misbruik of verkleineer word nie. Om die naam van God ydellik te gebruik, beteken om dit leeg en betekenloos te gebruik.

**Wat het gebeur met die man in Lev 24:10-23 wat God se Naam verkeerdelik gebruik het?**

**Wat is volgens HK antw 100 die gevolge van die verkeerdelike gebruik van God se Naam?**

Tog is die mensdom lustig besig om die Naam van die Here op alle terreine en plekke te misbruik, soos in regshowe (met eedaflegging), weermag- en kroegtaal, ligsinnige

grappies, politieke magspel. Ander gevalle waar ons God se naam verkeerdelik gebruik: As ons God se naam of verwerkinge daarvan sou gebruik as ’n stopwoord (ook in ons gebede), om gesag by ons menslike argumente te voeg, deur te swyg terwyl ander sy Naam ydelik gebruik.

**Daar word in Matt 12:31, 32 ernstig gewaarsku teen ’n besondere vorm van lastering, wat is dit?** ✍📖

4.5 **Wat is die vierde gebod?**

Eks 20:8-11 – *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie*.

**Hoekom vier ons Sondag as rusdag?**

Eks 20:11; Deut 5:15; Eseg 20:12, 20; Heb 4:9, 10; HK antw 103 (laaste reël) ✍📖

**Ons hou ons rusdag (en kerkdag) op die eerste dag van die week, terwyl God op die sewende dag gerus (Gen 2:3) het. Wat is die rede hiervoor (Hand 20:7; 1 Kor 16:2; Op 1:10)?** ✍📖

**Wat is die eintlike saak waaroor dit moet gaan op Sondae?**

Kol 2:16, 17 ✍📖

**Wat is die belangrikste ding wat ons Sondae moet doen?**

HK antw 38 ✍📖

**Wat leer Heb 10:25?** ✍📖

**Watter vier dinge moet ek doen wanneer ek kerk toe gaan?**

HK antw 38 ✍📖

**Maar mag ek geen ander werk op Sondag doen nie?** ✍📖

**Mag ek Sondag Sondagkoerant koop, sport beoefen, (huis)werk doen?**

Heb 12:1, 2 ✍📖

**Hoe gaan ek nou weet wat ek mag doen en nie mag doen op Sondae?**

Gal 5:16 ✍📖

4.6 **Die vyfde gebod**

Eks 20:12 – *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee*.

Die bron van alle gesag is God (Rom 13:1) – die soewereine Skepper en Onderhouer en Bewaker.

In die vyfde gebod gaan dit oor ons verhouding teenoor alle gesag waaronder ons geplaas is, nie net die gesag van vader en moeder nie. Die gesagsverhouding is so belangrik dat dit selfs ’n belofte bevat. Geen respek vir gesag nie gaan op anargie en wanorde uitloop. Die eerste gesag waarmee die mens (as kind) te doen het, is die ouergesag. Dié gesag verbreed na alle gesag (1 Tim 2; 1 Pet 2:13), totdat dit uiteindelik die kerk, werkgewer asook staats- en landswette insluit (Rom 13). Al die persone in gesagsposisies is aangestel deur God, maar die absolute gesag berus steeds by Hom.

**Is daar perke aan die onderdanigheid (Ef 5:21) wat ons verskuldig is?**

Matt 10:37; Hand 5:29

**Waarom moet ’n mens jou aan die owerheid onderwerp?**

Rom 13:17

**Wat moet ons houding wees teenoor ’n nie-Christelike staat?**

**Watter taak het die kerk t.o.v. die jong gelowige lidmaat?**

Ef 4:11-16

As die een persoon sy absolute vryheid toepas, sal hy sy buurman se absolute vryheid inperk. Omdat ons in ’n komplekse en sondige samelewing leef, kan ons nie sonder reëls, dissipline en gesag in vrede voortbestaan nie. Daarom stel God net die een reël – Liefde aan almal.
Die feit dat ’n persoon gehoorsaam is aan die gesag wat God oor hom aangestel het, is gegrond in die liefdesgebooie. Ware leiers maak nie staat op dwang en dreigemente nie, maar in liefde ondersteun en help hulle al hul volgelinge.
Dit is gehoorsaamheid vir God se oredelike weg wat moet sigbaar raak in alle gesagsverhoudinge.

### 4.7 Die sesde gebod?

Eks 20:13 – *Jy mag nie doodslaan nie*.

God gee lewe, daarom kan net Hy dit weer neem. Omdat die mens na die beeld van God geskep is (Gen 1:26, 27), mag die beelddraer nie doodgemaak word nie (Gen 9:6).
Die reg om dood te maak, het God aan die staat oorgedra wanneer ’n ander se lewe geneem word (Rom 13:4 vv; HK antw 105). Die burgers van die staat se lewe moet beskerm word teen moordenaars. Die doodstraf dien as ’n afskrikmiddel vir die wat moontlike moord beplan.
Meer nog, ons mag ook nie die mens sy menswaardigheid hom ontneem nie. Deur haat of belediginge oortree ons ook dié gebod.

**Kan jou woorde iemand “doodmaak”?**

Matt 5:21-22; 1 Joh 3:15, 20

Mag aborsie gewettig wees?
Mag genadedood toegepas word?
Mag ek veg in ’n landsoorlog, vryheidsbeweging?
Mag ek uit weerwraak iemand anders doodmaak? (Rom 12:19)
Mag ek myself verdedig deur ’n geweer aan te skaf om mee dood te skiet?

**Wat van selfmoord (1 Kor 3:17)? (Hoe verskil selfmoord van jouself in gevaar stel?)**

**Wat moet eerder gebeur? – Hoe kan die sesde gebod positief uitgeleef word?**

Matt 5:44

**Die liefde tot die medemens is noodsaaklik. Dit kan sigbaar raak op drie vlakke**

Spr 19:8; Ef 5:28; Matt 7:12; 22:39

4.8 **Die sewende gebod?**

Eks 20:14 – *Jy mag nie egbreuk pleeg nie*.

Dit gaan hier oor die seksuele verhouding waarin ons staan, ’n verhouding wat oorkoepel word deur ons verhouding tot God.
Omdat God die huwelik ingestel het (Gen 2:18, 21-24), en daar telkens in huweliksterme na die verhouding tussen die volk en God (en Christus en sy kerk) verwys word (Ef 5:32), is die huwelik ’n heilige instelling. God het die huwelik met baie spesifieke redes ingestel.

1. Gen 1:28 – Om te reproduseer en die aarde te bewoon
2. Gen 2:18 – Sodat die mens nie meer alleen hoef te wees nie
3. Hoogl 1:2-4 – Sodat ons ook dié aspek van ons lewens mag geniet
4. 1 Kor 7:2 – Om ons te beskerm van die gevare van onsedelikheid.

Die Kategismus is baie uitgesproke oor die kuisheid.

**Wat word daar van onkuisheid gesê?**

HK antw 108 ✍📖

**Wat sluit die onkuisheid in?**

HK antw 109 ✍📖

Daarteenoor wil die moderne mens die huwelik as onnodig en sineloos aanbied. Die onkuisheid, sedeloosheid word in rolprente en TV as “normaal” voorgehou. Maar dit moet duidelik verstaan word, alle vorme van seksuele verkeer voor of buite die huwelik word deur God verbied. Daar mag by ons nie egbreuk (van binne die huwelik) en ook nie ontug (buite huwelik) plaasvind nie.
In Deut 22:22 word daar verskillende egbreuk/ontug-scenarios weergegee met die strawwe wat by elkeen geld. Ook mag daar geen ander sedeloosheid soos homoseksualiteit wees nie (Rom 1:26-27; 1 Kor 6:9f)
Ons moet eerder na die Woord luister waar Paulus skryf dat die gelowige se liggaam die tempel van die Heilige Gees is. Dat ons hierdie tempel – die blyplek van God – nie met ’n owerspelige vrou of ’n wellustige man mag deel nie. Soos God self oor die tempel van Salomo gewaak het en Jesus dit ook gereinig het, so moet ons ook waak oor ons eie liggame.

**Hoe lank duur ’n huwelik?**

1 Kor 7:39 ✍📖

**Tog gebeur dit dat die huwelik verbrokkel, en op die rotse beland. Wat is die toegewing wat Moses maak?**

Matt 19:7 ✍📖 **Hoekom?** Matt 19:8 ✍📖

**Wat sê Jesus van egskeiding?**

Matt 5:28; 19:9 ✍📖

**Is saamwoon sonder/buite die huwelik verkeerd?**

1 Kor 7:36 ✍📖

4.9 **Die agste gebod?**

Eks 20:15 – *Jy mag nie steel nie*.

Dit gaan hier oor ons verhouding teenoor ons aardse besittings. Ons besittings is gawes van God (1 Kron 29:12) en eiendom van God (Ps 24:1). Wanneer ons ons

medemens se goed neem, steel ons nie van mekaar nie, maar van God.

**Hoe moet ons die goed wat God ons gee, gebruik?**

Luk 16:10, 12 ✍📖

Ook hierdie gebod moet wyer verstaan word as net diefstal. Lees HK antw 42. Daar mag by ons geen skelmstreke, listigheid, gierigheid of ander vorme van oneerlikheid in terme van woekerwins, lae salarisse, onproduktiwiteit plaasvind nie. Aan die anderkant mag daar ook geen oordadigheid, vermorsing of spandabelrigheid wees nie.
As rentmeesters van God se skepping en eiendom, moet ons dit wat Hy aan ons gee, spaarsamig en oordeelkundig gebruik en benut. Ons moet bly werk sodat ons genoeg vir onsself en ander kan hê (Ef 4:2). Ons moet eerder ons oorvloed aanwend om die armes te versorg en die verdruktes op hul voete help.
As ons so opreg en konsensieus bly werk, sal produktiwiteit verhoog, werkloosheid en armoede verminder, en uiteindelik diefstal en skakings ophou. Die teenoorgestelde word baie duidelik in 2 Tess 3:10 en Spr 10:4 uitgespel.
Tog gaan dit in die lewe nie net om materiële welvaart nie (Luk 12:20). Lees die gedeelte oor die ryk dwaas en die werksame slaaf vir verdere insig (Luk 12:13-48).

4.10 **Wat is die negende gebod?**
Eks 20:16 – *Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie*.

Waarheid is 'n wesenseienskap van God. Hy het die waarheid lief, en verwag dat dit ook ons houding teenoor die waarheid moet wees.

**Hoe weet ons wat die waarheid is wat ons moet nastrewe?**

Joh 14:6; 17:17 ✍📖

Dit is die Heilige Gees (die Gees van Waarheid) wat ons in die waarheid lei (Joh 16:13). Hy beveel ons om in waarheid tot God, ons naaste en onsself te lewe (Gal 2:5, 14).

**Die vraag is nou – Hoe lei die Heilige Gees ons in die waarheid?**

2 Tim 3:14-17 ✍📖

**Daarteenoor leer ons die duiwel ken as (Joh 8:44 n.a.v. Gen 3:4,.5):** ✍📖

**Sy lot ASOOK alle leuenaars se einde is aan ons bekend.**

Op 21:8 ✍📖

**Wat leer ons uit Ef 4:25?** ✍📖

Ons mag nie skinder of ander vals veroordeel nie (Matt 7:1, 2, 35). Daarom moet ons baie goed let op wat Jakobus skrywe oor die beheersing van die tong.

Jak 3:6 ✍📖

Hoe ernstig is ons by ons belydenisaflegging, doopbeloftes, huweliksluiting, by my bevestiging as ampsdraer?
Dink na en lewer kommentaar oor die volgende situasies:
Mag koerante of advertensies die waarheid/leuen aanpas, deels verswyg of opblaas? Hoekom moet regters onpartydig wees? Geld die argumente ook vir elkeen van ons? Wat staan in ons getuigskrifte of CV's geskrywe? Hoe eerlik is ons in die invul van ons jaarlikse inkomstebelasting? Is daar so iets soos wit-, noodleuens (Eks 1:19 of Jos 2:5)? Kan die doel die leuen as middel heilig (HK antw 43)?

Uiteindelik leer Joh 8:32 ons dat die waarheid ons vry maak. As ons gewoond is om net die waarheid te praat, hoef ons nie die leuens, en aan wie ons die leuens vertel het, te onthou nie.

4.11 **Hoe lui die tiende gebod?**
Eks 20:18 – *"Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."*

**Waar begin die sondes, die oortredinge van die Tien Gebooie?**

Jak 1:14, 15; Rom 7:7 ✍🕮

**Die wortel van die tiende gebod is gedagtes van o.a. hebsug, afguns en jaloesie. Hoe beskryf HK antw 113 die tiende gebod?** ✍🕮

**Die oorsprong van alle ongeregtighede kom vanuit die gedagtes/hart van die mens.**

Spr 4:23 ✍🕮

**Waar het die proses begin wat veroorsaak het dat God Adam en Eva uit die paradys gejaag het?**

Gen 3:7 ✍🕮

Terwyl Eks 20:18 praat van begeertes na huis, vrou en diere, moet ons die begeertes oorskakel na moderne konteks en praat van geld, mag, kennis, seks, sport –

**Watter nog? Hoe moet ons lewe om volgens God se Wet te lewe?**

Gal 5:16-18 ✍🕮

Tog is nie alle gedagtes en begeertes sondig nie. Ons mag begeer om goed te doen, nie te sondig nie, dit wat nie aan 'n ander behoort nie of soos God te wees. Maar as ons begeertes God of ons naaste kan benadeel sondige dade word, dan mag ons nie daarmee voortgaan nie.

**Wat leer Paulus ons in Fil 4:6?** ✍🕮

**Hoe het Jesus elke keer Satan se versoekinge in Matt 4 weerstaan?** ✍🕮

**Negatiewe begeertes moet onderdruk word deur selfbeheersing.**

Gal 5:22; 1 Pt 2:16 ✍🕮

Die tiende gebod hou die innerlike van die mens weg van die sonde. In plek van die sondige begeertes moet daar positief gewaak word oor waarmee die hart en gedagtes besig is, volgens Spr 4:23 moet ons ons harte meer as enigiets anders bewaak.
Ons moet waak oor ons gedagtes en die koers van ons hart (Spr 4:23).
Laat die Wet van God die stippellyne wees vir 'n veilige pad deur die lewe. Laat ons dit dankbaar navolg en God verheerlik.